# Hillcrest High School

Graad 10

# AFRIKAANS EAT V1

## JUNIE 2023

**PUNTE:** 80

**TYD:** 2 UUR

**EKSAMINATOR:** Mev. R. Jordaan

**MODERATOR:** Mev. A. Meiring

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Begripstoetse | [30] |
| AFDELING B: | Opsomming | [10] |
| AFDELING C: | Taalwerk | [40] |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Skryf jou Afrikaanse onderwyser se naam op die voorblad.
   [Me. Jordaan, Middelton, Schoeman, Henderson, Meiring]

4. Gebruik dieselfde nommers as in die vraestel.

5. Laat 'n reël oop tussen elke antwoord.

6. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

**STERKTE!!**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1:**

**TEKS A - ARTIKEL**

Lees die volgende tydskrif artikel deur en beantwoord die vrae wat volg.

## Op die kruin van die "*Game*"

1. In die stofstrate van die arm Missionval, buite Port Elizabeth, is 'n bal 'n luuksheid. Maar *touchies,* oftewel raakrugby, is hier 'n ernstige saak. Speel sal hulle speel – al is dit dan ook met 'n leë Coke-bottel.




2. Cecil Afrika, die land se suksesvolste Blitsbok, praat oor daardie kleintyd wedstryde in 'n onderhoud met Jacques Myburgh.

3. "Ons het ons eie ligas gehad," onthou die geliefde sewensrugbyspeler met die kenmerkende haarlokke. "Een straat teen die ander straat. Daar was nie veel meer om te doen waar ek grootgeword het nie. En ek dink dit was daardie *touchies* wat my liefde vir rugby aangevuur het."



4. Met 'n regte rugbybal in sy hande het Cecil gegroei. Sewesrugby gaan oor hoe vinnig jy is, slim systappe, 'n oog vir die kleinste gaping – en drieë, drieë,

drieë. En dit het Cecil alles.  Hy hou die rekord van 1 462 punte wat hy in 345 wedstryde vir die Blitsbokke aangeteken het.

5. Hy het die wêreld vol gespeel;  van Kaapstad, Doebai, Las Vegas en Hongkong. Sy ongelooflike danspassies op die veld het boonop *YouTube*-sensasie geword.

6. Maar die wêreldwye coronavirus-pandemie het Cecil (32) van een groot droom beroof:  om vanjaar vir die Blitsbokke op die Olimpiese Spele in Tokio uit te draf.  Hy is reeds in 2019 gesê dat sy seweskontrak sou eindig na vanjaar se internasionale seweskampioenskapsreeks – en die Spele, wat op 23 Julie sou begin.  Maar weens die pandemie het dit nie gebeur nie.  Hy het darem die brons wat hy in 2016 in Rio de Janeiro gewen het …

8. Jan Oberholzer, oudkaptein van die Blou Bulle, het Cecil se talent in 'n rugbytoernooi raakgesien.  "Oom Jan het gesê dat ek na Welkom moet verhuis en daar by die Virginia-sportakademie moet aansluit.  Hy het gesê hy sien baie potensiaal in my."  So is die jong Cecil na die Hoërskool Hentie Cilliers op Virginia.  In 2005 is hy gekies vir die opkomende SA sewesrugbyspan.  En in 2009 word hy 'n voltydse kontrak vir die Blitsbokke aangebied.



9. En die res is geskiedenis.  Vir 12 seisoene daarna was hy 'n Blitsbok-ikoon, en in 2011 is hy ook as internasionale sewesspeler van die jaar aangewys.

10. "Die spel is baie opwindend.  In sewesrugby moet jy die *perfect game* speel. As jy een fout maak, kan jou span die *game* verloor."  Watter span was die taaiste [*toughest*] teenstaander?  "Kenia," sê Cecil.  "Jy weet dit is oorlog as jy teen hulle speel.  Hulle is groot, sterk en vinnig."

11. Die een wedstryd wat hy altyd sal onthou was in 2013 op die dag toe oud-pres. Nelson Mandela begrawe is. "Ons het in Port Elizabeth teen Nieu-Seeland

in die eindronde gespeel en met 17 -14 gewen. Dit was absoluut wonderlik. Dit het gevoel of ons vir Madiba gewen het."

12. Vandag speel Cecil nie meer rugby nie. Hy en twee Blitsbokspanmaats, Kyle Brown en Philip Snyman, het saam 'n koffiebesigheid in Stellenbosch begin. Hulle noem dit *Eighteen Coffee.*

13. Hy praat nie graag oor sy persoonlike lewe nie, maar sê dat hy in 'n vaste verhouding is. Hy deel 'n huis met sy ma, Rachel, en sy suster, Nicolette.

**[Verwerk uit HUISGENOOT, Julie 2020]**

**<u>Vrae:</u>**

1.1 Na watter "*Game*" word daar in die opskrif verwys? [1]

1.2 Cecil Afrika het net buite Port Elizabeth grootgeword.
Skryf net die NAAM van dié plek neer. [1]

1.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

'n Bal was 'n "luuksheid" waar Cecil grootgeword het, want

A. die winkels was baie ver.
B. daar was nie geld om balle te koop nie.
C. van die mense het baie geld vir luukshede gehad.
D. rugbyballe moes ingevoer word. [1]

1.4 Wat het Cecil en sy maats soms as bal gebruik wanneer hulle "*touchies*" gespeel het? Haal 3 OPEENVOLGENDE woorde as antwoord aan. [1]

1.5 Cecil is altyd deur sy haarstyl herken.

Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. [1]

1.6 Noem TWEE vaardighede wat 'n sewesspeler moet hê om suksesvol te wees. [para. 4] [2]

1.7 Wat het Cecil gedoen wat hom 'n *YouTube*-sensasie gemaak het?
Haal 2 OPEENVOLGENDE woorde as antwoord aan. [1]

1.8 Wat het die covid-pandemie van Cecil gesteel?
Haal 'n frase van 14 OPEENVOLGENDE woorde as antwoord aan. [1]

1.9 Voltooi die sin deur die korrekte antwoord tussen die hakies te kies.
Skryf net die antwoord neer.

Cecil het 'n [silwer / brons] medalje by die 2016 Olimpiese Spele gewen. [1]

1.10.1 Dink jy Jan Oberholzer weet baie van rugby? Sê JA of NEE.
1.10.2 Motiveer jou antwoord. [1]

1.11 Cecil het na Welkom toe verhuis.
Wat was in Welkom wat hom met sy rugbyloopbaan kon help?
Skryf EEN woord as antwoord neer. [1]

1.12. Watter woorde van "oom Jan" kon vir Cecil selfvertroue gegee het?
Haal 'n SIN as antwoord aan. [1]

1.13 Kies die korrekte antwoord.
Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

Toe Cecil 'n "voltydse kontrak" aangebied is, kon hy geld verdien deur

A. net YouTube-video's te maak.
B. in die koffiewinkel deur die week te werk.
C. net sewesrugby te speel.
D. vir ander mense kontrakte aan te bied. [1]

1.14.1 Vir watter land in Afrika het Cecil baie respek? [1]
1.14.2 Gee TWEE redes waarom hy so voel. [2]

1.15 Kies uit KOLOM B die inligting wat by die persoon in KOLOM A pas.
Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.15.1 Jan Oberholzer | A. Joernalis |
| 1.15.2 Philip Snyman | B. Cecil se ma |
| 1.15.3 Jacques Myburgh | C. Vennoot in 'n besigheid |
| 1.15.4 Rachel | D. Cecil se afrigter |
| | E. Cecil se talent raakgesien |

[4]


1.16 Watter wedstryd sal altyd baie spesiaal vir Cecil wees?
Wees spesifiek in jou antwoord. [2]

1.17.1 Dink jy dit is reg as bekende mense hulle persoonlike lewe privaat wil hou? Sê Ja of Nee.
1.17.2 Motiveer jou antwoord. [1]

**[24]**

**TEKS B: STATISTIEKE**

Bestudeer die volgende statistieke oor <u>hondsdolheid </u>[rabies] en beantwoord al die vrae.




1.18. Oor watter siekte is hierdie statistiek?
Skryf EEN woord as antwoord neer. [1]

1.19 Hoeveel diere is tussen Januarie en Junie 2022 in die Oos-Kaap aan dié siekte dood? [1]

1.20 Behalwe honde, noem TWEE ander diersoorte wat ook dié siekte gekry het. [2]

1.21 In watter provinsie is Gqeberha? [1]

1.22 Wie het die statistieke saamgestel?
Skryf net die persoon se naam en van neer. [1]

**[6]**

**AFDELING A: 30 PUNTE**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

INSTRUKSIES

- Wanneer jy in die bos is, is daar sekere reëls wat jy moet volg. Gebruik die volgende artikel en som hiérdie reëls op.
- Skryf die wenke puntsgewys neer.
- Nommer die sinne 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as **70 woorde** wees nie.
- Dui die **KORREKTE** getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**Hoe gedra ek my in die bos? Reëls wat jy in die bos moet volg.**

Jou gids ken die natuur. Loop altyd agter jou gids. Hy weet wat die gevare is. Hy kan aan die diere se spore sien of hulle onlangs op 'n plek was.

Moet nooit hardloop nie, al wil jy hoe graag. Partykeer is jy bang vir wilde diere. Dan voel jy of jy net moet wegkom.

Gehoorsaam te alle tye jou gids se handseine. Van hulle is 'stop', 'kom', hurk af' en 'luister'. Diere kan jou maklik ruik en storm dan.

Sommige diere pof hulself op sodat hulle groter lyk. Party gebruik kleure om roofvyande te waarsku dat hul giftig is. Moenie aan vreemde goed raak nie tensy jou gids vir jou sê dat dit veilig is.

Moenie plante beskadig deur dit te pluk of vertrap nie. Diere gebruik plante as kos en skuilplek. Diere se mis bemes die grond. Nuwe plantjies kan daar groei.

Moenie diere bangmaak sodat hulle skrik nie. Jy moet in harmonie met die natuur leef. Diere kan gevaarlik wees as jy hul skrikmaak of seermaak. Hulle kan jou aanval.

Respekteer die wildernis. Stropers verkoop dooie diere se velle en ivoor. Die natuur is net wreed teenoor diegene wat die probeer om dit te verstaan nie.

(Verwerk uit "'n Bosveldsafari – Nadine Clarke)

**AFDELING B – 10 PUNTE**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: STROKIESPRENT**

**TEKS D**

Die taalvrae wat volg is op die strokiesprent gebaseer.

**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**




[Bron: <http://meester.yolasite.com>]

3.1 Noem een ding in RAAMPIE 1 waaroor Meneer kla. [1]

3.2 Skryf die **MEERVOUD** van die woord tussen die hakies.

Neelsie het baie [foto] op sy selfoon. [1]

3.3 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Meneer se wysvinger is in die lug. [1]

3.4 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Neelsie speel video-speletjies in die klas. [1]

3.5 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Neelsie sal speletjies in die biblioteek speel. [1]

3.6 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen die hakies.

Meneer bel Neelsie se ouers. Hy raas elke dag met die seun. [omdat] [1]

3.7 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE TYD** oor.

Neelsie sit op die skoolbank. [1]

3.8 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE** oor.

Meneer sê: “Die leerlinge werk op die rekenaars.” [1]

3.9 Skryf die korrekte **VOORSETSEL** neer.

Die volgende periode begin ... elfuur. [1]

3.10 Skryf net die **VERKLEINING** van die woord tussen hakies neer.

Neelsie se broertjie speel met die klein [spel] op die mat. [1]

**[10]**

**VRAAG 4: SPOTPRENTE**

- Die taalvrae wat volg is op die spotprente hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




4.1 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Juffrou Nel het gister die vraestelle gekry. [1]

4.2 Skryf die **INTENSIEWE VORM** van die woord tusssen hakies neer.

Die leerlinge het onderrig [baie nodig]! [1]

4.3 Kies die korrekte **BETREKLIKE VOORNAAMWOORD** tussen die hakies.

Die leerder [wat / wie] met Juffrou Nel praat, is astrant. [1]

4.4 Skryf net die **VERKLEINING** van die woord tussen hakies neer.

Juffrou Nel kort 'n klein [vakansie]. [1]

4.5 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Die leerlinge leer vir die eksamen, dan skryf hulle die vraestelle. [1]

4.6 Skryf net die **TRAPPE VAN VERGELYKING** van die woord tussen hakies neer.

Die meisie in die agterste bank is die [jonk] kind in die klas. [1]

4.7 Kies die korrekte **VOORSETSEL** tussen die hakies en skryf dit neer.

Die leerling praat [van / met / per] die onderwyseres. [1]

4.8 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Skryf die toets! [1]

4.9 Skryf die **AFKORTING** tussen die hakies voluit neer.

Die onderwyseres kyk na die [nr.] op die bladsy. [1]

4.10 Voltooi die volgende **VERGELYKING** en skryf dit neer.

Die ander leerder is so nuuskierig soos ‘n .... [1]

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Taalvrae wat volg, is op die artikel en prent hieronder gebaseer
- Daar mag opsetlike foute in die artikel voorkom.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS F: ARTIKEL**

<u>Bella Ramsey</u>

**5.1** (Bella Ramsey is die ster van die oomblik.) As Ellie in *The Last of Us* laat sy gereeld die *Tik Tok*-gemeenskap gons. Sy is gewild in **5.2** (stad) oor die wêreld. In *The Last of Us* (gebaseer op die gewilde 2013-videospeletjie) veg sy en haar vriend Joel om te oorleef.
Ja-nee, die 19-jarige Bella maak reeds naam as aktrise – en dIs nog net die begin. Bella is **5.3** (baie skoon) maar tog baie vriendelik.
Bella het amper nee gesê vir haar rol in *The Last of Us*. “Ek het gewonder of ek beroemd wil wees.” **5.5** (Bella sê: “Ek geniet die rol in *The Last of Us*.”)
**5.6** (Bella het van die oudisie deur middel van die internet gehoor.)
Volgens die Britse Media is Bella “ vinnig op pad om ‘n groot ster ” in die toneelwêreld te word.
**5.8** (Bella was al vier toe sy begin drama doen het), en was as kind ook betrokke by dramaklubs.

| |
|---|
| **5.1** (Bella wou 'n onderwyseres word. Sy is nou 'n aktrise). "Ek wil met kinders met spesiale behoeftes werk. Ek wil met sang en dans die kinders 'n veilige ruimte gee." (Verwerk uit People Com.) |

5.1 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE TYD** oor.

Bella Ramsey is die ster van die oomblik. [1]

5.2 Skryf net die **MEERVOUD** van die woord tussen hakies neer.

Sy is gewild in [stad] oor die wêreld. [1]

5.3 Skryf die **INTENSIEWE VORM** van die woord tussen hakies neer.

Bella is [baie skoon] maar tog baie vriendelik. [1]

5.4 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen die hakies.

Bella hou nie van haar gesig op die advertensieborde nie. Sy bestuur nie in die stad nie. [daarom] [1]

5.5 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE** oor.

Bella vra: "Het ek die rol in *The Last of Us* gekry?." [1]

5.6 Skryf die **AFKORTING** tussen die hakies neer.

Bella het van die oudisie (deur middel van) die internet gehoor. [1]

5.7 Verbeter die **WOORDORDE** in die volgende sin en skryf dit neer.

Bella ( gekry, een van die rolle, in die fliek *The Last of Us*, het) [1]

5.8 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Bella was al vier toe sy begin drama doen het. [1]

5.9 Kies die korrekte **VOORNAAMWOORD** tussen die hakies en skryf dit neer.

Bella hou van (sy / haar / hare) woonplek in Hollywood. [1]

5.10 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE TYD** oor.

Bekende mense het gewoonlik baie aanhangers. [1]

5.11 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen die hakies.

Bella wou 'n onderwyseres word. Sy is nou 'n aktrise. [maar] [1]

5.12 Skryf die volgende sin met die korrekte **LEESTEKENS**.

bella se ek hou nie van al die aandag nie [1]

5.13 Verbind die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Die aktrise skryf vir die skrywers 'n brief. [1]

5.14 Voltooi die volgende **VERGELYKING** en skryf dit neer.

Bella se ma is baie trots op haar dogter en pronk soos 'n .... [1]

**TEKS G: Prent**



5.15 Hoe kan ons <u>sien</u> dat die tieners op die strand is?
Skryf EEN rede neer. [1]

5.16 Skryf net die **TRAPPE VAN VERGELYKING** van die woord tussen die hakies neer.

Die lug is [blou] as die vorige dag. [1]

5.17 Waarvoor, dink jy, gebruik die tieners die emmertjie?
Jou antwoord moet relevant wees. [1]

5.18 Skryf die **VERKLEINING** van die woord tussen die hakies neer.

Die tieners het 'n klein [mandjie] vol kos in die motor vergeet. [1]

5.19 Kies die korrekte **VOORNAAMWOORD** en skryf dit neer.

Die seun se donkerbril is op [hy / sy / hom] gesig. [1]

5.20 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Die meisies dra bikini's op die strand. [1]

**[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: 40 PUNTE**

**GROOTTOTAAL: 80 PUNTE**

